Woensdag 30 Desember
Skrifgedeelte: Deuteronomium 31:1-13 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Deuteronomium 31:9
Nuwejaar minus 2: Lees gereeld!

Ons kyk steeds terug na 'n ou jaar en vooruit na 'n nuwe jaar. Ons teks is 'n draaipunt. Josua sal die volk verder lei, want Moses mag nie oor die Jordaanrivier gaan nie. Moses bemoedig Josua en die volk: *"Wees dapper en sterk; moenie bang wees nie; moenie skrik nie; want die Here jou God gaan saam met jou. Hy sal jou nie in die steek laat en jou nie verlaat nie."*

In hierdie lig, vers 9: *Moses het hierdie wet neergeskryf en dit vir die Levitiese priesters wat die verbondsark van die Here dra, gegee, en ook vir al die oudstes van Israel.*

"Hierdie wet" wys waarskynlik op Deuteronomium 27-30 – 'n hernieude verbondsluiting tussen God en Israel met verbondsbepalings en vervloekinge en seëninge vir die wat dit oortree of gehoorsaam. Gebruiklik is afskrifte van 'n verbondsdokument aan beide partye gegee. Simbolies word 'n afskrif aan die Levitiese priesters wat die verbondsark gedra het gegee, as verteenwoordigers van God. 'n Afskrif word ook gegee aan die oudstes, as die verteenwoordigers van Israel.

Moses beveel dat die wetboek elke Sabbatsjaar voorgelees moet word. Almal moet dit hoor en met ontsag vir die Here gehoorsaam wees. Kinders moet dit leer ken.

Hierdie is 'n vroeë vorm van God se Woord wat opgeskryf is. Die openbaring sou voortduur deur die Gees wat profete en apostels inspireer. Vandag het ons 'n voltooide kanon in Afrikaans in elke huis. Ons het meer as die wet. Ons verstaan die werklike verbondsverhouding met God, deur Christus in die Gees. Waarna die wetboek vooruitwys, is vervul. God is by ons deur sy Woord en Gees. Wees dapper en sterk. Ken die Godsopenbaring. Gehoorsaam God met ontsag. Wees dankbaar in Christus. Wees Geesvervuld.

Hoe was jou Bybellees hierdie jaar? Kan daar 'n beter voorneme wees vir volgende jaar?

*Sing: Psalm 91-1:1-3*

*Ds. AP (Alwyn) Tredoux (Kempton Park-Noord)*